

**Preek Jan Steyn 25 Februarie 2018**

**Teks: Johannes 13:1-35**

**Tema: Saamwees (op mekaar gerig wees)**

**Inleiding:**

Ek gaan gesels eendag met een van die jong outjies in die Gim. Ek vra hom: Jy was dan altyd so goed in atletiek maar ek sien jou nie meer deelneem nie. Nee oom, antwoord hy, ek doen nie meer atletiek nie, ek gim nou net. Ja man, ek kan sien jy't fris geword die laaste tyd. Maar waarvoor oefen jy? Wat doen mens met al daai spiere? Ek het gedog hy gaaan sê: nee oom ek speel nou rugby of doen crossfit-kompetisies of iets. Sy antwoord was: Nee oom, ek gim net. Die gim het my eintlik te swaar gemaak om enige sport te doen. Jy het al daardie spiere, maar dis eintlik net vir show. Jy het al daardie krag, maar dit word nie regtig vir iets konstruktiefs aangewend nie.

Dink gou bietjie aan al die krag wat Jesus tot Sy beskikking gehad het- Hy was die Seun van God, Hy het siekes genees en skares gevoed uit basies niks en selfs vir Lasarus uit die dood opgewek. Wat doen Jesus met al Sy geestelike krag, met Sy geestelike spiere? Hy trek sy bokleed uit- dis wat Hom van 'n gewone slaaf onderskei het en Hy begin dissipels se vuil, stowwerige voete was. Dis wat Jesus doen met al die krag tot Sy beskikking- Hy dien Sy dissipels deur die nederigste daad denkbaar- deur hulle voete te was. Daaraan herinner Filippense 2 ons ook: Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.

Hierdie daad van voete was voor ete was so laag en nederig beskou dat dit nie eens van Joodse slawe verwag is om dit te doen nie. Heidense slawe is vir hierdie takie gebruik. As daar geen slaaf was om die voete te was nie, het die gaste dit vir mekaar gedoen of self hul voete gewas. Dissipels van een of ander rabbi sou beslis beurte geneem het om die rabbi of leermeester se voete te was. Dit het nooit andersom gebeur nie. Hier gaan sit Jesus en Sy dissipels al aan tafel waarskynlik sonder dat die voetewas voor die tyd gebeur het. Almal was te belangrik om die ander se voete te was. Dis belangrik dat mense darem sien jy is iemand. En om iemand te wees moet daar mense onder jou wees. Wie is onder jou as jy soos die heidense slaaf, die laagste van mense volgens Joodse denke, ander se voete was. En Jesus die leier, die leermeester en die rabbi, die een van wie dit laaste verwag word, staan op om Sy dissipels se voete te was.

Dit gaan nie net oor die verstommende ding dat Jesus Sy dissipels se voete was nie. Dit gaan ook oor wie se voete Hy was. Hy was hulle almal se voete. Hy het klaar vooruit geweet Judas gaan Hom verrai

en oorgee aan Sy moordenaars. Hy het klaar vooruit geweet Petrus sou Hom verloën en drie keer ontken dat Hy Jesus se dissipel is.

### **Die voetewas wys na die kruis (vers 8):**

Hierdie voetewas van Jesus staan natuurlik nie op sy eie nie- dit wys heen na die kruis. Vers 8 waar Jesus vir Petrus sê: As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie. Praat Jesus hier net van fisies was met water? Dis wat Petrus dink- was saam met my voete my hande en gesig ook. Nee, Hy praat van meer- van Petrus en jou en My sonde wat Hy aan die kruis met SY bloed wegge was het. Ons het soos Petrus deel aan Hom omdat Hy aan die kruis vir ons die hoogste prys betaal het en omdat dit ons gered het en in die regte verhouding met God gestel het. As vers 1 vir ons aandui dat Jesus Sy eie mense liefgehad het tot die uiterste toe, het ons dit veral aan die kruis gesien.

### **Hierdie storie herinner ons hoe belangrik identiteit is (vers 3):**

Vers 3 vertel ons van Jesus se identiteit: Jesus het geweet dat die Vader alles in Sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God toe teruggaan. Jesus het geweet waar Hy vandaan kom en waarheen Hy op pad is. Dis hoekom Jesus die dissipels se voete kon was. Dis soos Skip Heitzig dit stel: When you know who you are, you don't have to prove who you are. En as jy nie meer hoef te bewys wie jy is nie, kan jy dien, kan jy kniel, kan jy buig. Mense wat nie seker is oor wie hulle is en van hul identiteit nie, kan nie dien nie en kan nie buig nie en kan nie kniel nie. As jou identiteit bepaal word deur wat mense van jou dink, of wat jy besit of wat jy kan doen, gaan jy moeilik buig en dien. As jou identiteit bepaal word deur Jesus en wat Hy uit genade van jou gemaak het, gaan jy kan buig en kan dien. Want as Jesus eerste is in jou lewe, gaan Hy deur Sy Gees te voorskyn kom in jou lewe en in jou optrede.

Identiteit begin altyd by wat God gedoen het en van jou gemaak het. Paulus herinner ons daaraan in 1 Korintiers 15: Deur die genade van God is ek wie ek is. Nie deur wat ek van myself dink nie, nie deur wat ander van my dink of en of hulle van my hou nie. Nie deur wat ek besit het of bymekaargemaak het nie. Deur die genade van God. Ons moet ons kinders hiermee help. Hulle dink soms solank die maatjies van my hou of die vriendekring my nog insluit, is ek olraait. Solank mense mooi goed van my dink en mooi met my praat is ek olraait. Solank ek gewild of suksesvol is, is ek olraait. Jy is net olraait in God se liefde wat in Jesus vir jou verwerf is.. Dis die enigste Een in wie jy ooit werklik altyd olraait is. Want Sy liefde vir jou verander nie. Philip Yancey skryf: God se liefde vir my is volmaak. Daar is niks wat ek kan doen om hierdie liefde meer te maak nie. Daar is niks wat ek kan doen om hierdie liefde minder te maak nie.

### **As Ek julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was (vers 14)**

Ons is nie so bang dat Jesus aan ons liefde gaan bewys nie. Vaderland, die lewe is moeilik- ons het al die hulp en liefde nodig wat ons kan kry! My plek in die hemel is dan nou verseker omdat God en Sy Seun my lief genoeg gehad het om vir my aan die kruis te sterf. Here, ek wil nie sonder daardie reddenede en vergewende liefde nie. Ons is nie bang dat Jesus ons liefhet nie. Ons is bang vir wat Jesus se liefde van ons gaan vra. Dat ons moet gaan leef en optree soos Hy. Dat ons sal met verander en ons selfgerigtheid moet prysgee. Dis die deel wat ons nie gaan pas nie. As Ek wat julle Here en leermeester is, dan julle voete was, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek sal nog my vriende en familie en gesin dien, maar Here, ek het ook Judasse en Petrusse in my lewe. Mense wat my in die rug gesteek het of diep teleur gestel het. Mense wat op sekere plekke maak of hulle my nie ken nie. Ek wil verseker nie hulle voete was en hulle dien nie!

Dam gaan Jesus verder in vers 34: Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. Solank liefde net hierdie mooi sentimentele gevoel is sien ons kans. Maar dis nie wat Jesus se liefde is nie- Sy liefde word met die daad bewys- dit laat Hom voete was, dit laat Hom kruis toe gaan. Dit vra offers- dit vra alles. Ook van jou en my. **Skip Heitzig** help my hiermee: **If we really want to follow Jesus, He wil make us people of the towel.**

Here, ek wil naby aan U leef, asseblief net nie so naby nie. Dis wat hierdie soort liefde ons laat voel. Dis soos die ou wat in ou Katolieke kerk vir die Sondag se gebruikelike voetewas seremonie gekom het met sy sokkies aan- simbool dat Jesus net nie te naby aan hom moet kom nie. Met die sokkies het hy gedink kan hy Jesus en saam daarmee die mense na wie Jesus hom stuur so bietjie verder van sy lyf af hou. Dis soos iemand so mooi skryf: **We would rather be a sensation than a servant.**

Don Francisco sing: Love is not a feeling, it's an act of your will. Dis soos oefening vir my is. As ek dit net doen op die dae wat ek lus of gemotiveer is daarvoor gaan ek dit nooit doen nie. Jy trek jou gimklere aan en ry gim toe en trek jou tekkies aan en gaan draf. Na die tyd weet jy dit was die regte ding. Moenie wag tot die mood of die gevoel oor jou kom om iemand te gaan dien en iemand te gaan help nie. Gaan doen dit net. Die Gees van God sal na die tyd aan jou bevestig dit was die regte ding.

### **Slot: So sal almal weet (vers 35):**

Hierdie liefde van Johannes 13 gaan oor die mekaar. Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar liefhê. Dis waar die tema van saamwees vandaan kom. Die dissipels se liefde en omgee vir mekaar sou na Jesus se sterwe en opstanding en hemelvaart die teken wees dat hulle die band met Hom behou het. Maar dit gaan ook verder. As ons mekaar liefhet soos Hy ons liefhet en mekaar se voete was soos Hy voete gewas het, dan sal almal weet (vers 35) Dan gaan die getuienis uit na buite, na die buitelanders en

die kritici van die geloof toe. Hoe ons mekaar as gemeente, as familie en gesin liefhet, laat almal weet of ons aan Jesus behoort, die band met Hom behou en Sy volgelinge is. Verklarings en argumente en mooi kerkgeboue trek nie mense wat sinies is oor die Here en die kerk nader nie. Net liefde en ware omgee doen. Dit was die grootste skok van Johannes 13 vir my. Die kern van geloof is nie geloof nie. Want ons sien geloof baie keer as hierdie kop ding- hierdie reeks leerstellings. Ek moet net sekere dinge weet of ken om kind van die Here te wees. Of geloof is hierdie gevoelsding- ek moet net diep ervarings in die Gees hê of baie passie vir die Here en mense voel dan is ek op die regte plek. Johannes 13 leer ons die kern van geloof is liefde en dis iets baie down to earth en baie prakties.

Rodney Stark beskryf in sy boek *The Rise of Christianity* die lewens van die eerste geslagte Christene en die vroeë kerk. Twee ernstige en hoogs aansteeklike plaes tref die Romeinse Ryk in onderskeidelik 165 na Christus en 251 na Christus. Elke keer het ongeveer een derde van die Romeinse Ryk se inwoners omgekom. Die praktyk van die Romeine was om hul siekes op straat uit te sit om die risiko van aansteeklikheid te verminder. Die Christene se reaksie was anders. Christene het hul siekes bly versorg, selfs in die aangesig en moontlikheid van hul eie dood. Meer nog, hulle het selfs agtergelate Romeinse siekes op straat opgetel, ingeneem en hulle versorg. Dit was 'n totaal skokkend nuwe konsep in die Romeinse Ryk- dat mense nie net bloot uit eie belang of net tot eie voordeel hoef op te tree nie. Omdat God mense liefhet, het Jesus se eerste volgelinge gereken, kan jy God nie behaag of jou geloof lewendig wees as jy nie ander mense liefhet nie.

Jesus verbind ons met Sy dood en opstanding aan Homself en aan die Vader. Sy weggaan van die aarde af maak volgens Johannes 14 die pad oop dat die Gees kan kom en altyd by ons kan wees. Net deur SY krag kan ons liefhê soos Jesus liefhet en dien soos Hy dien. Die Gees kom herinner ons aan alles wat Jesus vir ons gedoen het en kom help ons om om te gee en te dien soos Hy gedien het. Dis geen menslike moontlikheid om lief te hê soos Jesus liefhet nie. Of om Sy opdragte te gehoorsaam in jou eie krag nie. Dis hoekom ons elkeen se persoonlike verhouding met Jesus so belangrik is- hierdie soort liefde is iets wat net Hy self ons kan gee. Net deur Sy Gees se krag is ons in staat tot gehoorsaamheid. As jy in Jesus Christus is en aan Hom behoort, dan vloei Sy krag in jou en Sy troos en Sy liefde deur jou na buite.

Stephen Covey skryf daar is drie woorde wat baie belangrik is in mense se lewens. Die eerste is afhanklikheid- dis vir babas en kinders wat nie op hul eie kan leef nie. Christene bly natuurlik altyd afhanklik van die Here. Die tweede woord is onafhanklikheid- waar ons emosioneel en intellektueel – ons kan vir onself dink- op ons eie voete kan staan. Die werklike kuns van die lewe is egter om te groei na die derde woord- interafhanklikheid. Interafhanklikheid beteken ek besef ek word gevorm en

gemaak deur die verhoudings in my lewe. Met God, met mense en met alle lewende dinge. Ek is wie ek is, omdat ander in my lewe is en ek in hulle lewe is.

Dis maar net ander woorde om die liefde van Johannes 13 te beskryf. Ek is nie net hier te wille van myself- my eie belang en voordeel nie. Ek is hier ter wille van ander en hulle is hier ter wille van my. Ek het ander mense nodig en hulle het my nodig. Ek kan natuurlik alleen ook, maar ek wil nie. Veral as ek aan Jesus behoort. Hy was ons deur SY bloed tot ware Eenwees met Hom en met mekaar. Sodat almal kan weet deur die kwaliteit van ons liefde vir mekaar, ons is Sy dissipels.

Amen